IMMUNISASIE VAN UITHOURITPERDE
(Saamgestel deur Paul van Dam)

PERDEGRIEP

Perde wat nie vantevore ge-ent is nie, sowel as perde wat voorheen ge-ent was, maar waar daar meer as ses maande verloop het sedert die laaste enting:

- Eerste enting;
- Gevolg deur ‘n tweede tussen drie weke en drie maande na die eerste (m.a.w nie korter as drie weke en nie langer as drie maande na die eerste nie).
- Daarna elke ses maande.

Perde wat voorheen ge-ent was, en waar daar minder as ses maande na die laaste enting verloop het, moet net elke ses maande ge-ent word.

Let daarop dat dit binne ses maande moet wees, en nie na ses maande nie. Daar word ‘n grasieperiode van drie weke na verloop van die ses maande toegelaat. As jy nie die perd binne hierdie drie weke ent nie, moet jy voor begin (asof die perd nog nooit ge-ent was nie).

Praktiese voorbeelde:

Perd A is laas ge-ent op 2 September 2008 (en dit was binne ses maande na die vorige ent). Dit beteken dat die perd nou weer voor of op 23 Maart 2009 ge-ent moet word (ses maande plus 21 dae).

Perd B is laas ge-ent op 2 Mei 2008, en nog nie weer nie. Dit beteken dat die perd nou weer ‘n eerste ent moet kry, gevolg deur ‘n tweede tussen drie weke en drie maande na die eerste, en dan weer elke ses maande.

Perdegriepinenting **MOET** deur ‘n veearts gedoen word, en dit moet in die paspoort aangeteken word.

AFRIKA PERDESIEKTE

Perde moet jaarliks teen Afrika Perdesiekte ge-ent word. Volledige inenting bestaan uit twee gedeeltes wat met ‘n tussenpose van nie korter as drie weke toegedien moet word (dus word die tweede deel drie weke of langer na die eerste gegee). Perde moet verkieslik nie gewerk word na perdesiekte-enting nie, en behoort drie weke te rus na elke inspuiting (dus vir ‘n totaal van ses weke).

Dit word aanbeveel dat die eerste deel van die enting gegee word binne twaalf maande nadat dit die vorige keer gegee is (en nie binne twaalf maande nadat die tweede deel gegee was nie). In die praktyk is dit nie altyd moontlik nie, en is dit aanvaarbaar indien ‘n perd teen die einde van die vorige kalenderjaar ge-ent was. Indien nie, mag die perd nie aan ritte deelneem nie.

Praktiese voorbeelde:
Perd A is op 20 September 2008 met Perdesiekte I ge-ent, en op 12 Oktober 2008 met Perdesiekte II. Dit word aanbeveel dat die perd voor of op 20 September 2009 weer met Perdesiekte I ge-ent word.

Dit gebeur egter (met die vinnige groei van die uithouritsport) dat ruiters nader na die einde van ‘n jaar nog aan ‘n rit wil deelneem. Ons kyk na dieselfde perd, wat op 20 September 2008 met Perdesiekte I en op 12 Oktober 2008 met perdesiekte II ge-ent was. Die ruiter wil nou graag op 17 Oktober 2009 aan ‘n rit gaan deelneem, wat meer as twaalf maande na beide die inentings is. Daarmee sal daar geen probleem wees nie, en die ruiter kan dan na afloop van die rit begin met sy Perdesiekte inentings.

Inenting teen Afrika Perdesiekte **MOET** deur ‘n veearts gedoen en in die paspoort aangeteken word.

Ruiters wat in die Wes-Kaap woon en/of aan ritte daar deelneem moet seker maak van die jongste regulasies rakende immunisasie en beweging van perde in daardie gebied.

REKORD VAN INENTING

Die volgende is van belang rakende inentings:

Alle inentings **MOET** in die paspoort aangeteken word.

Indien jy ‘n nuwe paspoort vir jou perd kry (hetsy omdat jou paspoort beskadig of vol is), geld die volgende:

- Jy moet jou ou paspoort waarin die inentings aangeteken is, aan jou veearts voorlê.
- Hy/Sy moet seker maak dat die inentings op datum is en volgens die reels gedoen is.
- In die nuwe paspoort moet die veearts dan die volgende inskrywing maak (let op dat inskrywings slegs in Engels gedoen mag word):
    - “Immunisation in previous passport up to date and in accordance with the rules. Last vaccinations were on (followed by the dates, the type of vaccine and the batch number of the last entry in the old passport).”

Indien jy ‘n nuwe paspoort vir jou perd moet kry omdat die oue verlore geraak het, geld die volgende:

- Indien jou veearts rekord gehou het van wanneer die perd inge-ent is, kan hy/sy die rekords vanaf sy pasiënterekords na die nuwe paspoort oordra en elke inskrywing teken.
- Indien jou veearts nie rekord gehou het van wanneer die perd inge-ent is nie, moet jy met inentings van voor af begin (asof die perd nog nooit ge-ent was nie)